mooi blommepatrone en landskapmotiewe daarin geweef gehad het (die materiaal damas is na Damaskus vernoem).

Vandag gebruik ons die naam Damaskusstaal algemeen wanneer ons na enige staal verwys met patrone daarin soortgelyk aan of nog mooier en ingewikkelder as die ware ou Damaskusstaal-swaarde. Die naam word dus hoofsaaklik gebruik om sy romantiese konnotasie met die verlede.

## 'N SPESIALE MES

Alhoewel Dennis Kappetijn self 'n mesmaker is, doen hy net enkele spesiale bestellings per jaar. Hy promoveer homself ook nie as 'n mesmaker nie, maar eerder as 'n meshandelsnaam wat kwaliteit, handgemaakte messe teen baie goeie pryse verkoop. Dennis subkontrakteer mense om sy messe te maak.

Hy ontwerp baie van dié messe en laat maak net klein hoeveelhede van elke ontwerp. Dit beteken dat daar nooit duisende messe van dieselfde ontwerp sal wees nie wat Kappetijnmesse goeie versamelstukke maak. Soos te verstane wil Dennis nie graag sy subkontrakteurs se name bekend maak nie.

Volgens Dennis word elke mes tradisioneel met die hand gemaak en sien dit geen "fabrieksmasjinering" nie. Kappetijnmesse word hoofsaaklik van Damaskusstaal gemaak wat iemand spesiaal net vir Dennis vervaardig. Hy voer hierdie staal in en verskaf dit ook aan verskeie Suid-Afrikaanse mesmakers. Verskillende tipes staal word gebruik waarvan die nikkelinhoud varieer en tot so hoog as 3% kan wees. Wanneer versoeke kom vir messe wat van vlekvrye staal gemaak word, gebruik Dennis hoofsaaklik 440c. Volgens Dennis is hulle in staat om uit 440c te haal wat baie mesmakers uit 12c27 kry omdat die hittebehandeling wat hulle gebruik sodanig is dat hulle die beste uit die staal kan kry.

Messe met gewone koolstofstaallemme is ook gewild en Dennis-hulle gebruik 1095, 5160 of D2 en veral laasgenoemde word deur baie mesmakers beskou as die beste koolstofstaal vir meslemme (koolstofstaal is die gewone een wat maklik roes en vlek en so 'n bietjie ekstra sorg verlang).

Volgens Dennis is sy strategie eenvoudig; hy probeer 'n plaaslike en internasionale handelsmerk te skep wat 'n uitstekende alternatief kan wees vir baie van die bekende kommersiële mesname wat wêreldwyd verkoop word. Kappetijnmesse word teen uiters kompeterende pryse verkoop. Winkels kan ook groothandelnavrae aan Dennis rig.

Dennis het juis onlangs 'n unieke mesreeks vir Drimac ontwikkel wat net in hul winkels verkoop sal word. Drimac beplan glo om teen die einde van die jaar sowat 20 winkels landwyd te hê en om dit volgende jaar nog meer uit te brei.



Die kortlem Karoo Hunter wat lesers in 'n kompetisie sal kan wen. Besonderhede sal later bekend gemaak word.

## GEHALTE VAKMANSKAP

Ek het twee vastelem-Kappetijnmesse van Damaskusstaal uitgesoek; een om te toets en een wat Dennis goedgunstiglik geskenk het sodat ons dit aan ons lesers beskikbaar kan stel om in 'n kompetisie te wen. Die messe staan onderskeidelik as die Kalahari en Karoo Hunter bekend. Eersgenoemde is 'n standaardgrootte jagmes, terwyl die Karoo Hunter 'n kort slaglem het. Vakmanskap en afwerking op beide hierdie messe is van hoogstaande gehalte.

Die Kalahari Hunter is wat ek 'n standaard-grootte jagmes sal noem wat in totaal so 23cm lank is. Dit het 'n lem met 'n pragtige *basket weave*-patroon. Die lem meet 11.8cm, waarvan 10.3cm die snykant is. Die hef is 11.4cm lank. Dis 'n stewige mes met 'n sterk lem wat net oor die 3mm op sy rugkant meet.

Anders as by sommige messe waar die lem verleng word om uiteindelik ook volledig deel van die hef te vorm (in Engels word daarna as die *tang* verwys) het die Kalahari 'n korter, dunner *tang* en word die hef rondom dit vasgelym. Dis potensieel nie so sterk soos 'n mes waarvan die *tang* oor die volle lengte van die hef strek nie, maar meer as sterk genoeg vir enige normale mestake. Ek het verskeie sulke messe wat al baie jare hou. By die hegpunt van die lem en hef is daar 'n *bolster* van geelkoper. Dit rond nie net die heg/lemgedeelte van die mes mooi af nie, maar verhoed ook dat jy jou greep op die hef verloor en jou vingers moontlik aan die snykant van die lem blootgestel word.

Die lem is in die sogenaamde *flat ground*-profiel gevorm, met ander woorde dit word van die snykant af met verdrag dikker en is nie holvormig gesny soos wat by sommige messe aangetref word nie. Lemme met plat profiele is natuurlik meer rubuust as dié met konkawe of holvormige profiele.

Ek het die Kalahari Hunter op twee jagtogte gebruik en alhoewel ek nou nie 'n groot aantal bokke afgeslag het nie, het ek 'n paar pense uitgehaal, 'n bietjie slagwerk gedoen en die mes verder in die kamp gebruik om groente te skil en op te sny, en ook om vleis op te sny.

Die lem maak nie moeilik skerp nie – ek kon dit sommer heel maklik op 'n Lansky vlymskerp kry sodat dit die hare van my voorarm kon skeer. Ongelukkig kon die bietjie pens- en slagwerk wat ek gedoen het nie werklik die lem toets om te bepaal hoe lank die snykant hou nie. As ek dit egter met van my ander pasmaakmesse vergelyk (die hoeveelheid snywerk wat gedoen is) kon ek nie enige verskil tussen die Kappetijnmes en hulle agterkom nie.

As gevolg van die relatiewe dik lem is die Kalahari Hunter meer geskik vir slagwerk as vrugte of groente skil of filette in dun skywe sny, maar dit kan heel goed as algemene kamp/jagmes aangewend word en ek is bereid om dit aan te beveel.

Kappetijnmesse word voorsien van hoë-kwaliteit leerskedes. Ek verkies 'n skede wat die hele mes bedek behalwe so ongeveer 25mm van die agterkant van die hef. Smaak verskil egter en ek glo die skede waarmee die Kalahari Hunter verskaf is (sien foto) sal in baie mense se smaak val.

Onthou net dat die Damaskuslemme van Kappetijnmesse van koolstofstaal gemaak is en soos enige ander koolstofstaal kan vlek en roes. Was die lem dus dadelik ná gebruik en smeer olie of waks aan om te verhoed dat roes 'n vastrapplek kry. Dennis verkoop 'n waks wat uitstekend werk om koolstoflemme te preserveer. Koolstofmesse moet ook nie sonder beskerming in leerskedes gestoor word nie. Die proses wat gebruik word om leer te looi bevat chemikalieë wat veroorsaak dat koolstofstaal roes. Smeer die lem met waks of olie en draai dan 'n klein plastieksakkie om die lem as jy die mes in sy skede wil stoor. ⊕

• *Vir meer inligting oor dié messe, kontak Dennis Kappetijn by 082 923 5639 of besoek sy webblad:* www.kappetijnknives.com